# basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

Goedgekeur
R. Bence – Eksterne Moderator
9 November 2021

Goedgekeur
Dr D Lawrence
Eksterne Moderator: Umalusi
09 November 2021

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Goedgekeur
A. Vorster
DBE: Hoofeksaminator
9 November 2021

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Afrikaans<br>Nederlands | 1<br>1 |
| 1.2.1 | Musikale | 1 |
| 1.2.2 | • Almal in haar gesin maak musiek.<br>• Haar ma/broer speel viool.<br>• Haar pa speel klavier.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | (Sy het) YouTube (gebruik). | 1 |
| 1.4 | Sy het saam met haar gesin opgetree.<br>*(Aanvaar nie as reël 9-10 net so aangehaal word nie.)* | 1 |
| 1.5 | Emmaus-(kinderkoor) | 1 |
| 1.6 | In 2014 het Amira ...<br>• "Holland's Got Talent" gewen/aan "Holland's Got Talent" deelgeneem.<br>• saam met André Rieu in Nederland opgetree.<br>• vir die eerste keer internasionaal opgetree.<br>• haar eerste album vrygestel.<br>• se album goue status verwerf.<br>*(Enige VIER)*<br><br>*(Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste VIER korrekte antwoorde na, ongeag in watter sin dit staan.)* | 4 |
| 1.7 | • Tien/10<br>• Op hierdie album sing sy tien liedjies<br>*(Aanvaar net hierdie een sin.)* | 1 |
| 1.8 | "goue status"<br>*(Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 1.9 | • Optredes/konserte<br>• Verkope/verkoop (van albums)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>*(Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.)* | 1<br>1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.1 | • (Dit het haar) hartseer/ongelukkig (gemaak).<br>• (Sy het die kinders) jammer (gekry).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10.2 | • Amira het besluit om vir die kinders speelplekke op te rig/te maak/vir kinders te bou.<br>• Amira het die eerste speelplek in Ikageng (naby Potchefstroom) geopen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • speelrame<br>• swaaie<br>• glybane<br>• sandbakke<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 1.12 | C/al hulle goed in die bosbrande verloor het. | 1 |
| 1.13.1 | haar pa | 1 |
| 1.13.2 | die persoon wat haar optredes reël | 1 |
| 1.14.1 | Dit beteken om **vir ander mense om te gee/'n goeie hart te hê/'n goeie mens te wees/ander mense te help.**<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>*Let op: Hierdie is nie 'n domino-vraag nie. Die kandidaat hoef dus nie 1.14.1 korrek te hê om die punt by die volgende vraag te kan verdien nie.* | 1 |
| 1.14.2 | In paragraaf 7 lees ons dat Amira **goeie dinge vir ander doen/ speelplekke vir arm kinders bou (13)/die eerste speelplek in Ikageng gebou het/mense help wat swaarkry.**<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## TEKS B: VISUELE TEKS

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | Europa | 1 |
| 1.16 | "navorsing"<br>*(Penaliseer nie indien sonder aanhalingstekens)* | 1 |
| 1.17 | Meer | 1 |
| 1.18 | D/video's | 1 |
| 1.19 | • Daar is nie moeilike woorde waarmee jy sukkel nie/min woorde.<br>• Die grafieke/prente wys duidelik vir jou waaroor dit gaan/het meer prente.<br>• Jy het nie nodig om baie te lees nie.<br>• Almal ken die simbole wat gebruik word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | • Tydens grendeltyd kon mense nie by mekaar kuier nie.<br>• Mense was ingehok/almal het by die huis gebly.<br>• Mense het platforms gebruik om met mekaar te kommunikeer.<br>• Mense het baie tyd gehad om sosiale platforms te gebruik.<br>• Mense het nie gewerk nie/niks gehad om te doen nie/was by die huis/het hulle selfone meer gebruik.<br>• Mense was eensaam/alleen.<br>• Leerders/studente het take/skoolwerk by die huis gedoen.<br>• Mense het aanlyn gewerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

Nota: Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Indien 'n kandidaat dus feite in eie woorde gee, maar 1 direkte aanhaling het, voeg ons dit vir hierdie eksamen (November 2021) saam met 2-3 direkte aanhalings en ken die 2 punte vir taal toe. Indien 'n kandidaat in die hele opsomming net 1 direkte aanhaling gee en niks anders reg het nie, word net 1 punt vir die aanhaling gegee en geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 2: WAT JY VOOR EN TYDENS 'N ONDERHOUD MOET DOEN

[Verwerk uit *Wikihow.com*]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | **Vind soveel moontlik uit** oor die besigheid waar jy wil gaan werk. | Vind alles uit oor die werk/besigheid. |
| 2. | **Netjiese klere** sê watter tipe mens jy is. Onthou dit as jy **aantrek vir die onderhoud**. | Jy moet netjies lyk.<br>Trek netjies aan vir die onderhoud.<br>(*Kandidate moet die twee sinne saamvat.*) |
| 3. | Sekere besighede sal dalk **vra** vir **dokumente** soos jou ID-kaart en sertifikate. Maak seker dat jy dit **by jou het**. | Vat al jou belangrike dokumente saam.<br>Neem jou ID-kaart en/of sertifikate saam.<br>*(Kandidate moet "dit" omskryf.)* |
| 4. | Daag so 10 tot 15 minute voor jou onderhoud op. | Wees betyds vir jou onderhoud./Moenie laat wees nie./Wees 10-15 minute voor die tyd daar. |
| 5. | **Jy wil hê die mense moet sien jy is opgewonde oor die werk. Wys dit** met jou hele houding as jy in die onderhoud is. | Wys dat jy opgewonde/entoesiasties oor die werk is/graag die werk wil hê.<br>*(Kandidate moet "dit" omskryf.)*<br>*(Aanvaar indien kandidaat slegs die eerste sin as direkte aanhaling skryf.)* |
| 6. | Die mense gaan vir jou **vrae** vra. Jy moet **mooi daarna luister**. | Luister mooi na die vrae (wat gevra word).<br>(*Kandidate moet "daarna" omskryf*) |
| 7. | Gedurende die onderhoud gaan jy ook 'n kans kry om **vrae te vra**. Gebruik hierdie kans (om te) **vra wat jy wil weet.** | Vra vrae as jy die kans kry./Gebruik die kans om vrae te vra.<br>*(Aanvaar indien kandidaat slegs die tweede sin as direkte aanhaling skryf; of as die kern daar is, nl.* ***vra wat jy wil weet****.)* |
| | **GETAL WOORDE = 200 woorde**<br>**( ± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 50 woorde**<br>**(50 – 60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd, maar dan moet die fout nie die woord se betekenis verander nie. Die uitsondering is waar ons woordstrukture toets, bv. meervoud, verkleinwoorde, verbuiging, ens.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord, wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Dit trek die leser se aandag/om die advertensie raak te sien.<br>• Dit beklemtoon belangrike inligting (in die advertensie).<br>• Dit maak die advertensie interessant/aantreklik/mooi.<br>• Mense kan dadelik sien waaroor die advertensie gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2.1 | Wie hou die lekkerste konserte?<br>*(Aanvaar ook as korrek indien die vraagteken ontbreek.)* | 1 |
| 3.2.2 | C/opgewonde | 1 |
| 3.3 | beste | 1 |
| 3.4 | • fantasties<br>• ongelooflik<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.5 | oorreding | 1 |
| 3.6 | Mening<br>• Die adverteerder weet nie wat die leser nodig het nie.<br>• Dis die adverteerder se opinie.<br>• Dis nie noodwendig wat die leser nodig het nie/waarvan die leser hou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | Jy/jy | 1 |
| 3.8 | • Die prent/musieknote trek aandag.<br>• Die uitleg wek belangstelling.<br>• Die verskillende lettertipes/lettergroottes/leestekens maak dit interessant.<br>• Die bewoording wek die behoefte by die leser om die byeenkoms by te woon.<br>• Die bewoording dek al die nodige inligting sodat die leser tot aksie kan oorgaan/verskaf genoeg inligting.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie net prent, uitleg, ens. nie. Dit moet verduidelik hoe dit van die advertensie 'n sukses maak. Kandidaat moet die ABBA-formule aanspreek.)* | 1 |
| 3.9 | harde | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Jy kan nie alleen met vakansie gaan nie. | 1 |
| 4.2 | Dit dui aan dat Jeremy ...<br>• skree.<br>• kwaad/ontevrede is.<br>• die woord hard sê/dit wys dat die woord beklemtoon word.<br>• verbaas is/nie kan glo wat hy hoor nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | • Hy vergelyk sy ma met sy vriende se ouers.<br>• Hy sê dat sy vriende se ouers dit nooit aan hul kinders sal doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4 | • Jeremy, jy is net sestien jaar oud!<br>• Jy is net sestien jaar oud, Jeremy!<br>• Jy is net sestien jaar oud!<br>*(Enige EEN)*<br>*(Dit is nie nodig om "Ma skree"/"Ma skree vir Jeremy" te skryf nie, want dit moet in die raampie pas. Aanhalingstekens en uitroepteken is opsioneel.)* | 1 |
| 4.5 | • Sy gooi haar hande/arms in die lug.<br>• Sy staan met haar gesig naby aan Jeremy se gesig.<br>• Haar mond is groot oop/sy skree/raas. Haar oë is groot.<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.6.1 | B/nog te jonk en onervare is. | 1 |
| 4.6.2 | konnotasie | 1 |
| 4.7 | • Hy wys dat hy ernstig is/wil hê Jeremy moet luister/hoor wat hy sê.<br>• Hy wys hy praat met Jeremy.<br>• Hy het een rede.<br>• Hy wil Jeremy reghelp/waarsku. *(Spelfout in waarsku is aanvaarbaar, solank dit nie die betekenis van die woord verander nie.)*<br>• 'n Mens gebruik jou wysvinger as jy verduidelik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 4.8 | • Regtig/rêrig *(Spelfout aanvaarbaar, solank dit nie die betekenis van die woord na iets anders met ander betekenis verander nie.)*<br>• Werklik<br>• Sowaar<br>• Is dit (so)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar kleinletters.)* | 1 |
| 4.9 | • Hy is ongeskik/sarkasties/arrogant/onbeskof/praat terug.<br>• Ek dink nie hy tree mooi/reg (teenoor sy ouers) op nie.<br>• Hy respekteer nie sy ouers nie/het nie respek (vir sy ouers) nie. (*Hy het nie respekt vir sy ouers nie. Die spelfout verander nie die betekenis van die woord nie.)*<br>• Sy liggaam wys dat hy nie respek (vir sy ouers) het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 5.1.1 | • Die **by** het my gesteek. *(insek met vlerke en 'n angel)*<br>• My juffrou sê ek is nie **by** in die klas nie. *(teenwoordig/betrokke/deelnemend – nie as voorsetsel soos in die teks nie.)* | 1 |
| 5.1.2 | gelede | 1 |
| 5.1.3 | Margaret **is** (**deur** mense) **ge**prys. | 1 |
| 5.1.4 | maklik**er** *(sp)* | 1 |
| 5.1.5 | Hulle kry **nie** genoeg hulp om op die regte pad te bly **nie**. | 1 |
| 5.1.6 | brandarm *(sp; moet een woord wees)* | 1 |
| 5.1.7 | • swak<br>• slegte<br>• vrot<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| 5.1.8 | hoofdogter/hoofmeisie | 1 |
| 5.1.9 | met | 1 |
| 5.1.10 | klas – ka – mers | 1 |
| 5.1.11 | Margaret **het** saam met die kinders **geslaap**. | 1 |
| 5.1.12 | Sy het haar eie geld gebruik **om** vir die leerders kos **te** koop. | 1 |
| 5.1.13 | gelei *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | hoog**ste** *(sp)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| **VRAAG 5.2: PRENT** | | |
|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.2.1 | • Terwyl Sara sit en gesels, werk Ma in die huis.<br>*(Aanvaar indien die komma ontbreek.)* | 1 |
| 5.2.2 | 'n bril *(Aanvaar indien daar spelfout as oorskryffout is.)* | 1 |
| 5.2.3 | televisie *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | • skottelgoed<br>• breekgoed/breekware<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.5 | • werkklere<br>• werk**s**klere<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.6 | stofsuier | 1 |
| | **TOTAAL:** | **20** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |

| | | |
|---|---|---|
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2021 -11- 09
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION